## DEPARTEMENT VAN KUNS EN KULTUUR

**NO. 691** **10 JUNIE 2016**

**BURO VIR HERALDIEK**

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS EN BESWARE DAARTEEN

ARTIKELS 7, 7A EN 7B VAN DIE HERALDIEKWET, 1962 (WET NO. 18 VAN 1962)

Ondergenoemde instansies en persone het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet No. 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van hulle heraldiese voorstellings. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstellings beswaar wil aanteken op grond daarvan dat sodanige registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom of haar wettiglik toekom, moet dit binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing doen op ’n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaat Sak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

1. AANSOEKER: Bakoena Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4106)
**WAPEN:** 'n Ovaal skild deursnede van goud en silwer, op 'n versmalde groen dwarsbalk, gestileerde voorstellings van groen alge, tussen in die skildhoof 'n silwer oosterse kroon en in die skildvoet regs 'n mieliekop gesteël en geblaar en links 'n sorghum kop gesteël en geblaar van natuurlike kleur. Die skild is oortop van 'n tradisionele Sesotho hoed van natuurlike kleur. Agter die skild is geplaas 'n skuinsgekruiste knopkierie en spies van natuurlike kleur. **SKILDHOUERS:** aan beide kante 'n krokodil van natuurlike kleur. **WAPENSPREUK:** PULA NALA

2. AANSOEKER: Bakoena Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4106)
**VLAG:** 'n Reghoekige vlag verhouding 2:3 in die kanton die wapen van die Bakoena Tradisionele Gemeenskap naamlik **WAPEN:** Deursnede van goud en silwer, op 'n versmalde groen dwarsbalk, gestileerde voorstellings van groen alge, tussen in die skildhoof 'n silwer oosterse kroon en in die skildvoet regs 'n mieliekop gesteël en geblaar en links 'n sorghum kop gesteël en geblaar van natuurlike kleur. Die skild is oortop van 'n tradisionele Sesotho hoed van natuurlike kleur. Agter die skild is geplaas 'n skuinsgekruiste knopkierie en spies van natuurlike kleur. **SKILDHOUERS:** aan beide kante 'n krokodil van natuurlike kleur. **WAPENSPREUK:** PULA NALA

3. AANSOEKER: Barolong Boo Seleka Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4107)
**WAPEN:** 'n Ovaal skild verlaagd deusnede van goud, besaai van luiperd kolle van natuurlike kleur en groen, op die middelpunt 'n sorghum kop gesteel en geblaar, oor die steel heen 'n skuinsgekruiste jaggeweer en spies, en in die skildvoet 'n tradisionele ikhamba pot alles van natuurlike kleur. **SKILDHOUERS:** aan beide kante 'n Koedoebul van natuurlike kleur. **KOMPARTEMENT:** 'n Swart en goue wapenspreuklint aan beide kante vehoog van bergpieke van natuurlike kleur. **WAPENSPREUK:** PULA KAGISHO NALA

4. AANSOEKER: Barolong Boo Seleka Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4107)
**VLAG:** 'n Reghoekige blou vlag verhouding 2:3 in die middle belaai met 'n horisontaal geplaaste inheemse ovaal skild natuurlik gekol van ligbruin en wit, die skildrieme van die een in die ander, daaroorheen 'n skuinsgekruiste jaggeweer en spies van natuurlike kleur.

5. AANSOEKER: Kholokoe Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4108)
**WAPEN:** 'n Ovaal skild in goud 'n hoekige bruin streepbalk waarvan die pieke van die boonste rand gekanteel, uitkomend daaruit 'n halwe rooi son, tussen in die skildhoof 'n silwer penning swart gerand en in die skildvoet tussen regs 'n mieliekop gesteël en geblaar en links 'n groen pampoen, 'n tradisionele pot alles van natuurlike kleur. Uitkomend uit die boonste skildpunt die kop en nek van 'n “Phuti” of Gewone of Grysduiker (*Sylvicapra grimmia)*. Agter die skild is geplaas 'n skuinsgekruiste knopkierie en spies van natuurlike kleur. **SKILDHOUERS:** Aan beide kante 'n Gewone of

Grysduiker (*Sylvicapra grimmia)*.**KOMPARTEMENT:** 'n Groen grond die onderste rand goud gerand. **WAPENSPREUK:** PHUTI

6. AANSOEKER: Kholokoe Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4108)

**VLAG:** 'n Reghoekige vlag verhouding 2:3 golwend deursnede van wit en groen, uitkomend daaruit een derde van die afstand vanaf die broeking 'n halwe goue son belaai met 'n sorghum kop gesteël en geblaar van natuurlike kleur, en in die basis 'n staande Gewone of Grysduiker (*Sylvicapra grimmia)* omgewend van natuurlike kleur.

7. AANSOEKER: Batlokwa Ba Mokgalong Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4109)

**WAPEN:** Op 'n tradisionele bruin skild 'n blou ovaal (hemelsblou) belaai in die basis van 'n groen grond, uitkomend daaruit 'n halwe goue son, en in die hoof regs 'n sorghum kop gesteël en geblaar en links 'n mieliekop gesteël en geblaar alles van natuurlike kleur. **SKILDHOUERS:** Staande op 'n bruin spreuklint aan beide kante verhoog van 'n rotsgrond en uitkomende blare, aan beide kante 'n luiperd, in die een na regs se regterklou 'n spies, en in die een na links se linkerklou 'n knopkierie, alles van natuurlike kleur. **WAPENSPREUK:** PELE YA PELE

8. AANSOEKER: Batlokwa Ba Mokgalong Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4109)

**VLAG:** 'n Reghoekige vlag, verhouding 2:3, bestaande uit drie horisontale bane van blou, wit en groen, die blou en groen bane elk een vyfde, en die wit baan drie vyfdes van die hoogte van die vlag, belaai in die middel van 'n gaande omgewende luiperd van natuurlike kleur.

9. AANSOEKER: Batlokoa Puso Ya Mota Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4110)

**WAPEN:** Op 'n tradisionele swart skild, 'n luiperd voetspoor van silwer. Die skild is oortop van 'n dwarsbalksgewys geplaaste boomstomp, lêend daarop 'n aansiende luiperd alles van natuurlike kleur. Agter die skild is geplaas 'n skuisgekruiste spies en knopkierie van natuurlike kleur. **WAPENSPREUK:** HAE HATE KA MARO

10. AANSOEKER: Batlokoa Puso Ya Mota Tradisionele Gemeenskap (H4/3/1/4110)

**VLAG:** 'n Reghoekige vlag, verhouding 2:3, bestaande uit drie horisontale bane van oranje, geel en blou, die oranje en blou bane elk een kwart en die wit baan een helfte van die hoogte van die vlag, belaai in die middel van 'n dwarsbalksgewys geplaaste boomstomp, lêend daarop 'n aansiende luiperd alles van natuurlike kleur.

11. AANSOEKER: Derwin James Kah Wai Mak (H4/3/4/330)

**STANDAARD:** In die broeking in silwer die Sjinese woorde 變異或死亡 paalsgewys geplaas van swart; gevolg deur sy wapen naamlik in rooi, 'n swart skuinsbalk, goud gefimbrieer, belaai met 'n gaande Sjinese silwer draak, rooi getong, in die skildhoof vergesel van 'n vierkantig deurboorde besant en in die skildvoet van 'n goue esdoringblaar; gevolg deur sy helmteken naamlik 'n opstygende swart adelaar met uitgespreide vleuels, goud gebek en gepoot, wat 'n regopgeplaaste goue sleutel in sy regterpoot vashou; gevolg deur sy kenteken naamlik 'n goue son met twaalf strale vierkantig deurboor; die fraiing geblok van silwer, rooi, silwer en swart.

12. AANSOEKER: Giacomo Cerasomma (H4/3/4/870)

**KENTEKEN:** 'n Omgekeerde silwer swaard, goud gehef en silwer geknop, die fes in die vorm van twee ovaal knoppe en in die middel belaai met 'n omgekeerde Latynse kruis, alles van goud; die lem: gegraveer met die woorde VIRTUOSI IN FIDE in goue letters, verbreed by die hef en bo belaai met 'n luiperd gesig van natuurlike kleur, daaronder 'n Jerusalem-kruis, daaronder 'n bundel van vyf pyle daaroorheen 'n juk, hangende van sy kante twee getoude tossels golwend geboë wat mekaar twee maal oorkruis alles van goud.

13. AANSOEKER: Marimuthy Govender (H4/3/4/1000)

**WAPEN:** Verlaagd kepersgewys geboë verdeel van goud en swart, in die skildhoof twee afgewende bruin olifanttande en in die skildvoet 'n gevlamde Indiese kleilamp van natuurlike kleur. **WAPENSPREUK:** KARTHIGAI DEEPAM

14. AANSOEKER: Emiddio de Franciscis di Casanova (H4/3/4/1003)

**WAPEN:** GEVIERENDEEL:

I.: Gedwarsbalk van 10 stukke rooi en goud, 'n blou skild, daarop 'n golwende silwer dwarsbalk tussen in die skildhoof drie agt-puntige sterre en in die skildvoet drie fleurs-de-lis alles van goud;

II.: Gedeel van silwer en rooi, twee afgewende klimmende leeusand die een in die ander, uitkomend uit die boonste regter-hoek 'n blou skildjie, daar-op 'n silwer dwarsbalk belaai met 'n rooi roos, tussen drie agt-puntige goue sterre geplaas twee en een; uitkomend uit die boonste linker-hoek 'n skildjie gedeel en regs gevierendeel: i.: In goud vier rooi pale; ii.: in silwer 'n goue Jerusalem kruis; iii.: in silwer, drie rooi dwarsbalke; iv.: in blou besaai van goue flerus de lys; links: in silwer, 'n regopstaande blou slang, goud gekroon, in sy mond 'n kind van natuurlike kleur; uitkomend uit die laer regter-hoek 'n skild gevierendeel van goud en blou, bo regs en onder links 'n agt-puntige ster en bo links en onder regs 'n ses spits berg geplaas een, twee en drie, alles van die een in die ander; uitkomend uit die laer linker-hoek 'n skild gedeel van silwer en silwer, regs, op 'n rooi skuinsbalk, drie skuinsbalsgewys geplaaste goue koppies, links, op 'n deurlopende blou kruis vyf goue wassenaars, geplaas een, drie en een;

III.: Deursnede in drie: i.: op 'n silwer skildhoof groen ondersteun, voor 'n denneboom 'n gaande perd alles van natuurlike kleur; ii.: op 'n dwarsbalk 'n verhoogde dwarsbalk , daaronder gedeel, regs in silwer, drie linkerskuinsbalke, vergesel daarbo van 'n komeet alles goud, links: in silwer, 'n rooi garnaal, oor die verdelingheen 'n blou skildjie, daarop 'n golwende silwer skuinsbalk, iii.: op 'n rooi skildvoet, 'n goue dubbelkop-adelaar, op sy bors belaai met 'n blou skildjie, belaai met 'n hart uitkomend uit 'n stad-deur alles van silwer, daarbo op 'n omgekeerd horisontaal geboë goue punt, 'n agt-puntige blou ster;

IV.: Deursnede in drie: i.: 'n blou skildhoof, daarop 'n silwer skuinsbalk, goud gerand, belaai met vyf skuinsbalkgewys geplaaste rose rooi, goud gesaad, ii.: op 'n blou dwarsbalk 'n ander van groen, goud gerand daarop drie agt-puntige goue sterre, daarbenede 'n goue drie-berg, iii.: op 'n goue skildvoet twee toegewende klimmende leeus, tussen vier agt-puntige sterre geplaas drie en een, alles van blou;

Op die skild-basis 'n skildjie gedeelvan blou en silwer, regs: op 'n grond groen, 'n galery ingang, oortop van 'n sittende omgewende arend met verhewe vlerke, alles van silwer, daarbo 'n regterarm wat drie pyle vashou, alles van natuurlike kleur; links 'n klimmende omgewende swart kat.

Agter die skild is geplaas 'n goue dubbelkop-adelaar met gespreide vlerke, die koppe oortop van 'n helmkroon bestaande uit 'n goue hoofring, versier van juwele van natuurlike kleur, verhoog van agt goue aarbei blare, elk in die middel belaai van 'n pêrel van natuurlike kleur. **WAPENSPREUK:** PER LILIA ET SAXA FORTITER VIS IN ADVERSIS NUNQUAM RETRORSUM

15. AANSOEKER: Kevin Henry (H4/3/4/1013)

**WAPEN:** Golwend gedeel van silwer en rooi, regs 'n keper tussen in die skildhoof twee drieblaaie alles groen en in die skidvoet 'n rooi roos, goud gesaad en groen geknop, links 'n klimmende goue griffioen, in sy regterklou 'n skuinslinks geplaaste silwer veerpen. **HELMTEKEN:** Op 'n Helmkroon bestaande uit 'n groen hoofring belaai met besante, verhoog van vier breë fleurs-de-lis van goud, twee skuinsgekruiste goue veerpenne. Swart geskag en gepunt. **WRONG EN DEKKLEDE:** Regs groen en silwer, links rooi en goud. **WAPENSPREUK:** NUMQUAM DEDITE

16. AANSOEKER: Giuseppe Vescovo (H4/3/4/1017)

**WAPEN:** In blou 'n klimmende griffioen, in sy kloue 'n regop geplaaste silwer herderstaf die nek en haak van goud. **HELMTEKEN:** 'n Goue helmkroon op die hoofring versier van edestene, verhoog van agt pêrels van natuurlike kleur. **WRONG EN DEKKLEDE:** Blou en silwer. **WAPENSPREUK:** OFFICIUM IMPERIO DIGNUM

17. AANSOEKER: Natalie de Clare (H4/3/4/1018)

**WAPEN:** Kepersgewys verdeel van Swart en in die skildvoet gekeper van silwer, rooi, goud, rooi silwer rooi en goud in die skildhoof twee skuinsgekruiste silwer veerpenne, goud geskag en gepunt, daaroorheen 'n swart ruit goud gerand, belaai met 'n beuelhoring gesnoer en gestrik van goud. **HELMTEKEN:** Uitkomend uit 'n helmkroon bestaande uit 'n goue hoofring silwer gerand, versier van edelstene van natuurlike kleur, verhoog van vier silwer rose, goud gesaad en geknop, twee goue drieblaaie elk belaai met 'n silwer pêrel, alles afgewissel van ses goue fleurs de lis, 'n swart grond, daarop 'n salamander in vlamme alles van natuurlike kleur. **WRONG EN DEKKLEDE:** Swart en silwer. **WAPENSPREUK:** MEMENTO MORTUIS

18. AANSOEKER: Raven Elizabeth Covington (H4/3/4/1019)
**WAPEN:** Kepersgewys verdeel van blou en swart op 'n keper tussen drie fleurs de lis alles silwer twee swart raafvere.
**WAPENSPREUK:** AUDE ALIQUID DIGNUM

19. AANSOEKER: Flynn Theo Faithfull (H4/3/4/1021)
**KENTEKEN:** 'n Vyfpuntige goue ster daaroorheen 'n blou hart, belaai met 'n goue kroon bestaande uit 'n hoofring verhoog van vier drieblaaie.

20. AANSOEKER: Dominic Sven Helmboldt (H4/3/4/1022)
**WAPEN:** Skuinslinksgewys verdeel van silwer, uitkomend uit die verdelingslyn 'n halwe klimmende rooi Talbot, swart genael, wat 'n swart fakkel rooi gevlam in sy bek vashou, gehalsband van drie goue ringe; en linksgeskuinsbalk van vier stukke van rooi en silwer en in die skildvoet 'n skuinsbalk, van die een in die ander. Die skild is oortop van 'n kerklike Galero hoed met, aan beide kante 'n enkele tossel, die tou twee maal gelis is van swart.
**WAPENSPREUK:** SUFFICIT TIBI GRATIA MEA

21. AANSOEKER: William Ian Cameron Mitchell (H4/3/4/1024)
**KENTEKEN:** Op 'n wrong van silwer en swart, binne-in 'n geslote krans van eshoutblare en eikeblare van natuurlike kleur, en in die basis aan beide kante twee goue akkers, 'n halwe omgewende Engelse jaghond wat na regs kyk van natuurlike kleur.

22. AANSOEKER: Evangelos Kimon Andreou (H4/3/4/1025)
**WAPEN:** Gedeel van blou en silwer, 'n deurlopende skuiskruis van die een in die ander, tussen in die skildhoof 'n omgewende aansiende Ateense Uil van silwer en in die skildvoet 'n uitgerukte Eikeboom van blou.
**HELMTEKEN:** 'n Ioniese silwer pilaarhoof oortop van 'n oop silwer boek blou gebind, die regter bladsy belaai met 'n skuinskruis en die linker belaai met 'n akker gesteel en geblaar alles van blou.
**WRONG EN DEKKLEDE:** Blou en silwer.
**WAPENSPREUK:** ΙΣΧΥΣ ΔΙΑ ΤΗΣ ΓΝΩΣΕΩΣ


23. AANSOEKER: Giuseppe Valguarnera (H4/3/4/1023)
**WAPEN:** In silwer, gedwarsbalk van twee van rooi, 'n skildsoom geblok van silwer en rooi. **HELMTEKEN:** Voor 'n pluim van vyf volstruisvere, drie rooi en twee silwer, twee afgewende goue flyme. **WRONG EN DEKKLEDE:** Rooi en silwer.


24. AANSOEKER: Evangelos Kimon Andreou (H4/3/4/1025)
**KENTEKEN:** Oor 'n geslote sirkelvormige krans van ineenverweefde eikeblare in drie rye van goud, 'n silwer Uil-basilisk, met gespreide vlerke en gekrulde stert van blou.


25. AANSOEKER: Riverside High School (H4/3/1/4144)
**WAPEN:** In groen 'n geboë silwer dwarsbalk die boonste rand golwend, belaai met 'n ander van blou, tussen in die skildhoof 'n aansiende silwer koedoekop en nek en in die skildvoet 'n goue son. **WAPENSPREUK:** IN KENNIS LÊ ONS KRAG



1


2



3


4



5


6



7


8


9


10


11


12


13



14




15



16



17



18


19



20


21



22


23


24



25